Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

**Die Universiteit Stellenbosch se voorlopige standpuntbepaling oor die aanvaarding van navorsingsbefondsing en betrokkenheid by die tabakbedryf**

Die US se Rektoraat het op 27 September 2022 die beginsels vir voorlopige uitgangspunte goedgekeur vir `n standpuntbepaling oor die aanvaarding vir navorsingsbefondsing uit die tabakbedryf, asook betrokkenheid by die tabakbedryf. Hierdie standpuntbepaling sal na die US Senaat verwys word vir bekragtiging.

Hierdie standpuntbepaling is opgestel in reaksie op die vereistes van die Verenigde Nasies en die Wêreldgesondheidsorganisasie, waarmee die US 'n goedgevestigde samewerking het wat oor dekades strek.

Ons vereis dus dat navorsers nie by die tabakbedryf betrokke raak, of om befondsing van die tabakbedryf aansoek doen en aanvaar nie.

**Die voorlopige standpuntverklaring lees soos volg:**
"Die Universiteit Stellenbosch mag voortaan nie befondsing aanvaar van, of met enige instansie, organisasie of stigting in gesprek tree, wat bekende skakels het met enige organisasie waar die instansie, organisasie of stigting se inkomste direk verkry word uit die vervaardiging van skadelike tabakprodukte (hetsy vir rook of ander aktiwiteite), of uit die bevordering van genoemde skadelike produkte nie".

Indien meer inligting oor die aangeleentheid verlang word, rig asseblief u navrae aan Cornelia Malherbe (cvdm2@sun.ac.za).

Kind regards / Ngemibuliso emihle / Vriendelike groete

**Prof S Moyo**
DVC: Research, Innovation and Postgraduate Studies /
Isekela Lesekela-Ngqonyela: Kuphando, Ezobuchule Nezifundo Zabathweswe Izidanga /
Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies
3 Oktober 2022

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Office of the Deputy Vice-Chancellor | Isekela Lesekela-Ngqonyela | Kantoor van die Viserektor
Research, Innovation and Postgraduate Studies | Kuphando, Ezobuchule Nezifundo
Zabathweswe Izidanga |Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies
+27 21 808 9476 | smoyo@sun.ac.za | www.sun.ac.za